

DIE GROOT SWARTSPRINKAANVOËL

(*Ciconia nigra*) (Linnaeus)

IN DIE KRUGERWILDTUIN

deur O. PROZESKY, Transvaal Museum

Een van Suid-Afrika se bekendste groot trekvoëls is seker die Groot Swartsprinkaanvoël of Swartooievaar; 'n voël wat so bekend is dat die volgende beskrywing miskien oorbodig lyk, maar wat miskien sal help om hom nie met die Klein Swartsprinkaanvoël en Wolnekooievaar te verwar nie. Die voëls is gewoonlik swart-bruin met 'n wit bors, buik en ook wit onderstertvere. Gedurende die broeiseisoen word die swart-bruin vere deur pikswart vere met 'n groen-bronsagtige glans vervang. Die snawel en pote is dan ook meer koraalrooi. Hulle voedsel bestaan uit insekte, slakke, krappe, ens., met die gevolg dat hulle gewoonlik naby water en vleie gevind word. Daar is geen verskil tussen die mannetjies en wyfies nie. Hulle lengte, gemeet van die punt van die snawel tot die punt van die stert, is omtrent 48 duim.

Die Groot Swartsprinkaanvoël is 'n egte trekvoël. Sy tuiste is sentraal Europa en Asië, waar hulle dan ook broei. Gedurende die noordelike winter trek die voëls na Afrika en Indië. Dikwels word enkele voëls deur omstandighede verhoed om na die Noorde terug te trek as ons winter begin, maar 'n interessante biologiese verskynsel is as trekvoëls in die Suidelike Halfrond broei. Daar is 'n aantal gevalle bekend waar die Swart Sprinkaanvoël in Natal, Basoetoeland, Suid-Rhodesië en Suidoos Kaapland nes gemaak het. Die neste was op kranse gedurende Junie tot September gevind.

In die afgelope tyd het 'n verdere interessante geval onder die aandag gekom, en wel in die Krugerwildtuin. In die verlede is 'n aantal Swartooievare in die wintermaande en vroeë lente opgemerk. In Julie 1935 is 'n enkele paar, en wel in broeiverdrag op die Tendivlakte aangetref. Vanaf daardie datum tot 1957 is verdere voëls sporadies opgemerk oor die hele gebied. Hulle was enkele voëls, in pare of selfs in klein groepe van 5 of 6. Die meeste van hulle was nie in hulle broeiverdrag nie.

Gedurende die eerste week van Julie 1958 is by die Gudzanedam, oos van Satara, 'n swerm van 26 gevind. Die meeste van hulle was swart-bruin maar tussen hulle was daar 'n paar voëls wat al amper pikswart was. Op

die eerste September was daar 10 voëls by die dam en 'n groot klomp het hoog gesweef oor die Lebomboberge, in die rigting van Nwanetzkamp. Gedurende die eerste week in Oktober was daar nog van die voëls by die dam.

Die vraag wat by ons opkom is of die swerm Groot Swartsprinkaanvoëls wat by Gudzane vertoef 'n kern vorm van hierdie voëlsoort wat nou hulle tuiste in die Suidelike Halfrond gaan maak, of is hulle miskien lede van 'n suidelike-ras wat nie meer na die Noorde trek nie, of wat wel nooit getrek het nie?

SUMMARY.

Since July 1935, the Black Stork (*Ciconia nigra*) (Linnaeus) has been observed sporadically during winter months and early spring over the whole area of the Kruger National Park, singly, in pairs and small parties up to 6 — mostly in non-breeding plumage. In July, 1958, a flock of 26 was found at Gudzane Dam east of Satara, some in breeding plumage. These were still in the same vicinity during the first week of October, 1958.